When correctly applied, DCA storage can improve storage life and reduce postharvest defects by maintaining optimal oxygen levels. It can be implemented in existing CA stores, provided these are airtight and allow effective oxygen removal and CO₂ scrubbing. Mouton notes that oxygen levels are pulled down faster in DCA-CF than in DCA-RQ, translating into better superficial scald control with DCA-CF. "One should be led by cultivar characteristics when choosing your storage techniques," he advises. However, he has observed that many pack houses use DCA-CF to set oxygen levels at the start of storage and then run it as a static system. He worries that pack houses might measure chlorophyll fluorescence on too few samples. "Representative samples are pivotal, but they remain a challenge," he says. The performance of DCA - and other - stores can be improved by loading them with uniform fruit. "If you compare an enormous fruit to a tiny one, then gas diffusion will be much easier in the small fruit," Mouton explains. "We remove oversized and undersized fruit in our trials to reduce our error margin, but if you have a commit-to-pack pack house, you store all those sizes together and pack them in their respective counts."





KNEUSINGS- PROJEK

Die rede vir die projek is om vas te stel hoe kneusings op die appels verminder kan word en wat gedoen kan word om die toerusting wat gebruik word, te verbeter ten einde die kneusings ook te verminder. Daar word na verskeie areas gekyk. Die verskillende areas is operateursgedragspatrone, spoed, padoppervlak en padtoestand, die tipe en toestand van toerusting wat die kratte hanteer, asook die tipe en toestand van kratte wat gebruik word.





Twee soorte loggers word gebruik: CLC loggers (wat los in die kratte gebruik word) en Remora Loggers (wat semi-permanent op die toerusting geïnstalleer is.) Die kratte met die CLC loggers is op spesifieke plekke op die trokke, kratstelle en Bin-on-the-ground vurke gelaai. Die rede is om elke keer die impak van die proses, wat deur die een soort logger gelees word te kan vergelyk met die ander tipe logger. Die loggers meet die impak op die vrugte. Die hoeveelheid impak-insidente per km dui aan hoe die vrugte geaffekteer word deur die manier van hantering.

Die uitkoms van die projek sal wees om die plase te help om te begroot vir toerusting wat gebruik kan word om die kneusings te verminder. Ons meet tans alle metodes hoe kratte vanuit die boord tot by die laaiblad gebring word, d.m.v. krastelle en bin-on-the-ground toestelle, om vas te stel watter toerusting die vrug vriendelikste toestel is. Ons meet ook die transporterings van kratte vanaf die plaas tot by die pakhuis, asook die aflaai en hantering met

vurkhyers. Die laaste stap waarmee ons nou besig is, is om die platform te verfyn waarna daar waarskuwings uitgestuur gaan word na elke landgoedbestuurder/plaasbestuurder wanneer daar skade binne die krat veroorsaak word.

Sonder die ondersteuning, goeie gesindheid en hulp van al die mense op die plase pakhuis en logistieke afdelings, sou hierdie projek nie moontlik gewees het nie. So baie dankie aan almal.



CELEBRATING DUTOIT APPLE PIE DAY

As we approach Mother's Day and Apple Pie Day, two occasions deeply rooted in the celebration of cherished family traditions, Dutoit stands poised to honour these sentiments. With a deep rooted commitment to preserving heritage and fostering family values, we are delighted to announce our upcoming Mother's Day x Apple Pie Day competition, Mother's Day Pie-fection. In collaboration with local artisans, Dutoit is crafting a range of Apple Pie-inspired creations. These unique items will be showcased across Dutoit's social media platforms, inviting fans to participate in a competition for the chance to win a bespoke Mother's Day prize hamper. With a rich history dating back to 1893, Dutoit takes pride in being a leader in South African agriculture. Renowned for producing some of the finest apples globally, grown and nurtured on Dutoit Farms, every fruit undergoes meticulous care to ensure the best quality.







Voel jy die afgelope tyd meer dikwels angstig? Maak die lewe met sy uitdagings jou moedeloos? Ervaar jy stres by die werk en voel soms alles is net 'n gejaag na wind? Of vind jy soms dat klein dingetjies jou onnodig irriteer en jy dan oorreeger? Jy is nie alleen nie!

- Dit is dus onrealisties om te verwag dat Dutoit se werknemers nie ook met geestesgesondheidsuitdagings sit nie. Die uitdaging is om hierdie uitdagings suksesvol te oorkom.**



Imagine yourself on a vibrant hike. Lush greenery surrounds you, the air is crisp, and sunlight filters through the leaves. This is the feeling of being mentally healthy – a sense of well-being that allows you to appreciate the beauty around you. Mental health isn't just about the absence of problems. It's the sunshine that helps you weather life's storms. It's the strength to bounce back from challenges and the resilience to keep going even when the path gets rocky. Just like any other aspect of our health, our mental well-being needs attention and care.

Here's why prioritizing your mental health is an act of self-love:

- Sharpens your mind: When you feel good mentally, you can focus better, think clearer, and unleash your creativity.
- Strengthens relationships: Good mental health allows you to connect with others on a deeper level, fostering empathy and understanding.
- Boosts your mood: Feeling mentally well means experiencing a wider range of emotions, and savoring the good ones even more.
- Improves your physical health: The mind and body are deeply connected. Taking care of your mental well-being can positively impact your physical health and vice versa.

Taking care of your mental health doesn't require grand gestures. It's about incorporating small, positive habits into your daily routine. Here are a few ideas to get you started:

- Connect with loved ones: Social interaction is vital for mental well-being. Spend time with people who make you feel good.
- Move your body: Exercise releases endorphins, natural mood boosters that can combat stress and anxiety.
- Find your calm: Practice relaxation techniques like meditation or deep breathing to quiet your mind and reduce stress.
- Embrace nature: Go for a walk in the park, listen to the birds, or simply soak up the sunshine.
- Seek help if you need it: There's no shame in asking for help. A therapist can provide guidance and support for navigating difficult emotions.

Remember, mental health is a journey, not a destination. There will be ups and downs along

the way. But by prioritizing your well-being, you'll be better equipped to handle life's challenges and find your own sunshine, every single day.

Die stuk is geskryf deur BARD, die KI program van Google. My versoek was: Write an appealing piece about mental health. Dit is nogal ironies dat hierdie stuk kreatiwiteit van 'n masjien moet kom en is uitstekend geskryf! Die ironie lê daarin dat dit juis die druk van sosiale media (en bekommernis oor die uitwerking van KI op ons toekoms) is wat dikwels lei tot die gevoel van "onwel wees" of angstigheid en depressie by veral tieners, wie se selfbeeld deesdae gemeet word aan hoeveel "likes" hulle kry en wie dikwels kuberboelies ten prooi val. Die boodskap is egter 100% in die kol. Ons gesondheidswerkers kom steeds maandeliks by Nootgedacht bymekaar vir opleiding en toerusting en ons tema van die jaar is Geestesgesondheid.

Tot dusver het ons al tot 'n paar baie belangrike gevolgtrekkings gekom, naamlik:

1. Die kosse wat jy eet, speel 'n uiters belangrike rol in jou geestesgesondheid. Die rede daarvoor is dat daar 'n noue verbintenis tussen jou spysverteringstelsel en jou brein is. Jou denke bestuur jou brein, maar jou brein se gesondheid hang af van die voedsel wat jou liggaam vir hom stuur. As jy dus geneig is tot depressie, angstigheid of negatiewiteit, begin om krities na jou eet- en drinkgewoontes te kyk. Skakel versuikerde sowel as kunsmatig versoete gaskoeldranke uit. Doen weg met die tipe kafeïndrankies wat jou sogenaamd energie gee, maar wat ook jou bloeddruk uitermate verhoog. Moenie toelaat dat alkohol of dwelms die middels is waarmee jy jou sorge probeer verdrink nie. Dit vererger sekerlik jou geestesgesondheid eerder as om genesing te bring. Maak seker jy eet genoeg vars vrugte en groente en verminder die styselrige en vetterige kitskosse.
2. Sosiale interaksie met regte mense (nie facebook vriende nie) is belangrik. Sosiale interaksie versterk ons gevoel van verbonde wees aan iets en iemand. Probeer jou sosiale media verminder en neem 'n sosiale media vas vir 'n paar dae. Konnekteer dieper met regte mense.
3. Oefening is belangrik, omdat dit die goedvoel hormone in ons liggaam vrystel en ons sodoende beter laat voel. Dit maak nie saak of jy stap, draf, swem, dans, fietsry, boks, of skopboks, nie, geniet dit net.

4. Almal van ons ervaar een of ander tyd druk of stres. Hoewel stres ons geestesgesondheid kan benadeel, is dit ons reaksie op die stres wat die uitkoms bepaal. Oefen dus jou veerkragtigheid deur doelgerig jou denke te stuur in 'n denkpatroon van positiwiteit.
5. Lees weer Dr Bard se artikel noukeurig deur. Daar lê diep waarhede in as ons dit kan assimileer en ons eie maak. Interaksie met die natuur, met vriende en familie is al 'n goeie beginpunt om ons eie gesondheid te stimuleer. Natuurlik is dit nie die allerantwoord nie. Maar net soos wat die nie help om jou motor na die werktuigkundige te neem om die hele enjin oor te doen, as die eintlike probleem is dat die brandstoftenk leeg is nie, net so help dit nie om hulp te gaan soek, as jy nie bereid is om te begin by die klein dingetjies wat 'n verskil maak nie.
6. Dit is so dat aanhoudende erge druk en trauma op die lange duur ons liggaamlike sowel as geestesgesondheid beïnvloed. Moenie opkrop en Superman probeer speel nie. Gaan praat met iemand – om jou gevoelens te lug help reeds baie om beter te voel. Die dapper mens is nie die persoon wat alles alleen dra nie, maar bereid is om hulp te soek en te erken dat hulle hulp nodig het.







AANSTELLING

INGS



DUTOIT AANSTELLINGS



WARDO CONRADIE

Vrugte: Verpakking – Demand Planner



CINDY DU TOIT

Werkswinkelklerk – Kromfontein




JOHAN GOOSEN

Werktuigkundige - Kromfontein



WERNER LUBBE

Produksiebestuurder - Kromfontein



MARINUS HUMAN

Werkwinkelbestuurder - Lindeshof



JOLENE THERON

Oos-Kaap: Oorhoofs – Menslike Hulpbron Beampte



RANDALL MAART-PETERSEN

Dutoit Groente – Vitrax Assistent



DEIDRE LUBBE

IT- / Administratiewe Klerk - Kromfontein



EDDIE SEVENOAKS

Oos-Kaap: Joubertina PS
Nagskof: Produksiebestuurder



Anna-Marie Rust

Klinieke – Verpleegkundige

DUTOIT AANSTELLINGS



MAXWELL SEDEMAN

Dutoit Agri IT – IT Tegnikus



LE-ANN SAMUELS

Produksie Wes-Kaap – Rekeninge Klerk



WYNAND BOSHOFF

Oos-Kaap: JGS - Plaasbestuurder





 ***DUTOIT***

AFT R



EDDES



ONS GROET

Sr Penni Nel

Sr Penni Nel is 'n persoon met 'n passie vir haar werk. Daarom het sy, na haar "verpligte" aftrede by die Departement van Gesondheid, aansoek gedoen by Dutoit en haar dienste by Dutoit Vrugte en Dutoit Groente gelewer nadat sy ook 'n draai op van die plase gemaak het.. In ons kontak met haar, het die volgende vir ons uitgestaan:

1. Haar opregte belangstelling in die mense van Dutoit deurdat sy dikwels spesiaal navraag gedoen het met: "Hoe gaan dit nou met ___?"
2. Haar humor en die toewyding waarmee sy haar take verrig het.
3. Haar passie vir 'n gesonde leefstyl en hoe om mense aan te moedig om gesonder te leef.
4. In meer private hoedanigheid, haar vinnige stappie en gevolglike fiksheid. So ook haar kontak en betrokkenheid by haar vriendekring. Sy is baie lief vir die natuur en haar tuin.
5. Deur haar werk het sy in eie reg legendaries geword in die omgewing en sal baie pasiënte haar met liefde onthou.



Penni, ons waardeer die jare wat jy jou dienste ook aan Dutoit gebied het en ons vertrou dat jy die jare van aftrede baie sal geniet. Dit klink asof jy vir jou somer weer 'n vol program geskep het. Sr Penni is een van daardie mense wat altyd jonk van gees sal bly.

Foto: Sr Penni Nel in die middel.

Ons verwelkom hiermee ook vir Suster Anne-Marie Rust, (links) wat by Sr Penni oorgeneem het. By hulle is Grieta Daniels, gesondheidswerker by Dutoit Groente.





 **DUTOIT**





ONS MENSE



GESONDHEIDSWERKERS

Opleiding & Sertifikaat Plegtigheid

Lenchen Visser & Sophia Kotze

Gedurende 2023 het Philani weer 'n opleidingprogram vir Gesondheidswerkers in die Witzenberg-area aangebied. Die Departement van Gesondheid, Kaapse Wynland Distrik, ondersteun hierdie opleiding en hulle het ook bevestig dat hulle 'n vennootskap om die gesondheidswerkers op die plase te ondersteun met al die deelnemende plase sal aangaan. Die opleiding het oor 8 weke gestrek vanaf Mei – Sep maand.

Op Maandag, 4 Desember te De Zaal, Botha Cellar, Rawsonville het Anneke Galant vanaf Nooitgedacht en Madia Hlazo van Tandfontein hulle sertifikate ontvang vir die voltooiing van hierdie opleiding. Baie geluk Anneke, die bestuur van Nooitgedacht is trots op jou. Baie sterkte met die nuwe fase van jou loopbaan, ons sien uit om saam met jou die pad te stap.

Die program het van die volgende punte ingesluit:

- Life Skills
- Health Promotion
- Legislation re Health
- Administration & Recordkeeping
- Anatomy & Physiology
- Human Development
- First Aid Level 1
- Data gathering, community health & risks
- Diseases & disabilities
- HIV / Aids / STI's
- Home based care

Madia het in 1994 op Tandfontein begin werk as Algemene Werker. Sy kan Afrikaans, Engels, Xhosa en Sotho praat. Sy is in 2006 aangestel as voorvrou en sedert 2019 het sy 1 maal per week as tolk opgetree by die kliniek. Die mense vertrou haar en sy is passievol oor hul gesondheid.

Sedert 2022 het ek gevra of sy asseblief voltyds vir ons kan help by die kliniek. Izak het toestemming gegee en Kulu het haar afgestaan vir ons. Sy het toe 2023 die Gesondheidswerker Opleiding ontvang, waarvoor sy op 4 Desember 2023 haar sertifikaat ontvang het. Vanaf Nov 2021 - Februarie 2022 het sy haar "HIV Counsel and testing" kursus voltooi saam met ons ander gesondheidswerkers. Madia, baie dankbaar vir die goeie werk wat jy doen, jou passie is aansteeklik.



CANSA RELAY

Sophie de Bruin

Op die 2de Maart het CANSA hulle jaarlikse Relay gehou. Verlede jaar was die opgewondenheid en entosiasme bietjie gedemp, want Moeder Natuur was heeltemal teen ons met reën en koue. Nietemin het ons deurgedruk en die Relay voltooi.

Vanjaar was ons beter voorberei en het die Liewe Heer vir ons 'n pragtige dag en aand gegee. Met groot opgewondenheid het ons die geleentheid aangepak. Die gees was lekker en min kon dit demp. Die Relay self was baie beter ondersteun as verlede jaar. Dutoit het drie spanne ingeskryf: Spanne van Paardekloof, Vastrap en die gesondheidswerkerspan.

Die Relay gaan oor:

1. Celebrate: Die genade kans wat die gediagnoseerdes nog het, om 'n verskil te kan maak terwyl hulle nog hier is. Asook om elke nuwe dag met twee hande aan te gryp en die beste daarvan te maak.
2. Remember: Die onthou van hulle wat die dapper, pynende, uitdagende, en soms hopelose stryd teen kanker verloor het. Asook om hulde te bring aan ons helde en heldinne wat ons vooruit gegaan het. Die wie se wedloop in hierdie lewe voleindig is.
3. Fight Back: Om aan dié wat nie opgegee het nie, maar dapper, moedig, positief en hoopvol aan te hou veg om die siektetoestand te oorwin, te ondersteun. Om vir hulle te laat onthou dat hierdie geveg nie 'n alleen geveg is nie, maar dat 'n gemeenskap saam met hulle in die stryd is.

Ons wat gaan Relay het, wil graag ons dank en waardering betuig teenoor Dutoit Agri dat hulle ons jaarliks ondersteun by wyse van die inskrywingsgelde, kleredrag en 'n ruim skenking aan Cansa. Dankie ook aan Bronaar en Laastedrif Boerdery wat produkte vir verkoop aan ons span beskikbaar gestel het.

As gevolg van omstandighede buite ons beheer, kon Dutoit nie vanjaar gazebo's beskikbaar stel nie en het die Witzenberg Munisipaliteit goedgegunstiglik hulle gazebo's beskikbaar gestel. Dankie ook aan hulle.

Dankie ook aan Mnr Mathee en Mev Le Roux, vir hulle praktiese ondersteuning en dat hulle op die veld kom seker maak dat ons uitsorteer is en mnr Mathee wat elke jaar die Sondagoggend kom help met die afbreek van die stalletjies.

Ons is ook baie dankbaar teenoor die plaasbestuurders vir hulle praktiese ondersteuning, beskikbaarstelling van vervoer en ander hulp.

Na afloop van die Relay, het ons gesondheidswerkers 'n grootse poging aangewend om deur middel van donasies by personeel, bestuur en werkers ekstra fondse in te samel. Ons moeite het goeie vrugte afgewerp deurdat Span Dutoit hierdie jaar die trofee gewen het vir die meeste fondse ingesamel, met 'n bedrag van R24 425.50.

Met almal se betrokkenheid en bydraes het ons gewys ons is regtig 'n omgee maatskappy.







TUBERKULOSE DAG

Wêreld TB Dag saam met DUTOIT

Mariette le Roux

TB bly een van die grootste oorsake van dood in Suid-Afrika.

Vroeë opsporing en behandeling van TB kan egter hierdie tragiese situasie grootliks uitskakel. Daarom is dit so belangrik dat mense nie sal huiwer om hulle te laat toets wanneer hulle met die volgende simptome sukkel nie:

'n Konstante hoes wat nie weggaan nie, nagsweet, borspyne en gewigsverlies. Lindeshof se op-en-wakker gezondheidswerkers, Sarah Jiemies en Johanna Beukes het vanjaar groot moeite gedoen om weer hulle gemeenskappe oor TB in te lig. Hulle het hulle kliniek 'n maand lank versier en pasiënte wat inkom oor TB ingelig. Verder het hulle na die gemeenskappe en afdelings uitgereik en inligting met hulle gedeel. Ons gezondheidswerkers is volledig opgelei om self sputumtoetse te doen en pasiënte hoef nie te wag totdat die suster die dag by die kliniek is nie. Die gezondheidswerkers kan hulle solank toets, sodat die uitslag reeds beskikbaar is wanneer die suster by die kliniek is, sodat sy die nodige behandeling kan reël. Hiermee moedig ons ook al ons werknemers aan om die klinieke sonder huiwering te besoek vir 'n effektiewe en vertroulike diens.

DIABETES DAG

Mariette le Roux

Dutoit Vrugte se kliniek het op 24 April dieetkunde studente van Universiteit Stellenbosch genooi om die kliniek te besoek. Eerstens is belangstellendes geobserveer deur bloeddrukke, gewig en ander vitale tekens waar te neem. Daarna het hulle vergader en is aanbiedings gedoen oor gesonde leefstyl- en eetgewoontes.

Die teenwoordiges het dit interessant en leersaam gevind. Die studente het daarna met geïdentifiseerde werkers wat aan diabetes ly, in kleiner groepies van drie vergader om aan hulle spesifieke dieet toeligting te gee om hulle te help met die bestuur van hulle diabetes. Daar sal weer uitreike op 6 en 7 Mei gedoen word om werkers wat in ander skofte werk, ook te betrek.

Dit is vir Dutoit belangrik dat ons werkers gesond is. Daarom is ons dankbaar vir hierdie reëlings getref deur Suster Anne-Marie. Ons vertrou dat elkeen die kennis wat hy bekom het, sal toepas. Jou gesondheid lê in die lewenskeuses wat jy maak.






YEBONEERS PROGRAM

Na 2023 se uiters suksesvolle Yeboneers program op Kromfontein en Lindeshof, het Waitrose vanjaar weer na Dutoit plase uitgereik om Yeboneers te werf. Yeboneers is 'n verwysing na "the year beyond" en is gemik op leerders wat hulle matriek of ander studies voltooi het, maar nog nie werk bekom het nie. Hulle word gekontrakteer en opgelei om as onderwysassistent by skole uit te help, of om leerders by die nasorgsentrums te help. Vanjaar help Lindel Titus en Lindsay Jantjies uit by die nasorgsentrum op Kromfontein; Elenay Lackay en Maxine Roberts help uit by die Lindeshof Nasorsentrum en Elmarie Pedro en Wesley Roberts help uit as onderwysassistent by Kromlin Skool. Op 16 April het hulle vir June en Anna by die Kromfontein Kliniek besoek en vertel wat hulle werksaamhede behels en ook hulp gevra met moontlike projekte. Deel van hulle pligte is om uit te reik na die ouers van die skoolkinders en met hulle sessies te hou. Die Yeboneersprogram word in die Koue Bokkeveld hoofsaaklik gedryf deur Eleanor Louw van die Waitrose Foundation. Die doel van die program is om die jongmense praktiese ondervinding te laat opdoen, wat ook kan dien om hulle CV's te versterk met die oog op verdere werkgeleenthede. Eleanor was baie opgewonde oor hierdie program en het aan die einde van verlede jaar die volgende terugvoer gegee: "Ek is in die proses om 'n jaar verslag saam te stel vir jou, maar wou net spog met





die twee jong dames in die YearBeyond program 2023.

Hulle het 'n spesiale toekenning ontvang 'GOLD STARS' Dit word slegs aan 10% van alle YeBoneers (jongmense in die program in Wes-Kaap toegeken). Hulle word gesien as die 'Top Talent.' Hulle CV word ingesluit in final Gold Star Resume Book, This final Resume Book will be shared with our Opportunity Partners at the end of the year and will position our Gold Stars very well for opportunities coming up in the new year.

Natalie Mars (Lindeshof) het die Social Innovation Leadership uitdaging gewen. Hulle het eerste plek behaal van 258 spanne. The SILC Challenge (Social Leadership Curriculum Challenge) every year expects Yeboneers to design and present a solution to a social challenge in South Africa. This year they had to design a solution for youth not registering as first-time voters to allow them to participate in local, provincial, and national elections.

Our Team submitted a community-based solution and focused on schools as point of intervention. They suggested an interschool competition ran by youth. Their assignment was completed in six weeks, and they pitched their plan in video format to the judges. The Team comprised of 7 young, unemployed women from six different Waitrose farms in the Koue Bokkeveld (Ceres) who joined the YearBeyond programme in the beginning of 2023. They succeeded in this competition due to effective collaboration and teamwork across farm borders. The judges were impressed with the research done by the Team and their well thought-through concept of encouraging youth to register as voters by running an interschool competition, organised by the youth themselves. In their comments, the judges also mentioned the scalability of the solution to national level.

The Team members each won prizes to the level of R 1 000 and, more significantly, will present their solution to the IEC (Electoral Commission of SA) for implementation."




MAATSKAPLIKE UITREIK

Mariette le Roux

Die werkers van Dutoit Groente het 'n behoefte gehad om meer te weet oor maatskaplike dienste en hoe hulle daarby kan baat vind. Op uitnodiging van Suster Rust, het die Departement Maatskaplike dienste 4 maatskaplike werkers beskikbaar gestel om met die werkers te kom praat oor dwelmafhanglikheid, mishandeling van kinders, pleegsorg en ook geslagsgebaseerde geweld en wat slagoffers daarvan te doen staan. Die proses om 'n interdik teen die geweldenaar te verkry, is ook bespreek. Die werkers het baie uit die praatjies geleer en verskeie persone het dit opgevolg met persoonlike gesprekke daarna om meer inligting en raad te kry.

Die misbruik van dwelms en drank spruit uit verskeie faktore waaronder traumatiese ervarings uit die verlede, stres en onvermoë om dit op gesonde wyses te hanteer. Ongelukkig spruit geslagsgebaseerde geweld ook baie dikwels uit die misbruik van dwelms en drank omdat persone onder die invloed hulle inhibisies verloor en gewelddadig raak.

Geslagsgebaseerde geweld is 'n groot probleem in Suid-Afrika en ons is een van die lande waar dit die meeste ter wêreld voorkom. Die gesin moet 'n plek van liefde wees waar gesinslede mekaar ondersteun en positiewe waardestelsels kweek. Persone wat nie hulle gesinne as so ondersteunend ervaar nie, word aangemoedig om uit te reik na Maatskaplike dienste of ander terapeute wat kan help.





GOEDGEDINK BEWAARSKOOL EN NASORG

Wêreld Hardop Leesdag 07/02/2024

Sarietta Oberholster

Die Bewaarskool & Nasorg het apart hardop leesdag gedoen. Totaal van 4 Juffrouens het hul storie voorgelees & een in Xhosa. Bewaarskool & Nasorg se kinders het die stories baie geniet. Die Nasorg was beloon met 'n Goue Ster as hulle vragies beantwoord het. Die kinders het meer selfvertroue vorentoe gekom & probeer antwoord.

Aantal Juffrouens wat geles het: 4
Aantal kinders bereik: 65





VIER SAAM MET STUDENTE

Dealshaad Swart

Dealshaad Swart het op 23 April haar B.Ed honneursgraad in Leierskap en Bestuur met Cum Laude verwerf. Haar studieloopbaan het in 2013 begin met haar B.Ed studies by CPUT. Dutoit het haar gehelp met 'n studielening uit die studiehulpskema in haar laaste studiejaar (2016).

Dealshaad is tans werksaam by Ceres Sekondêr. In 2022 – 2023 het sy haar honneursgraad deelyds aangepak en suksesvol voltooi. Dealshaad is die dogter van Karin Swart (Dutoit Vrugte) en ons is saam met haar ouers dankbaar en opgewonde oor haar loopbaanpad.

Studente wat tersiêre studies na matriek wil onderneem, is welkom om jaarliks vanaf September aansoek te doen vir 'n lening by Dutoit Agri studiehulpskema. Baie studente kwalifiseer vir die NSFAS beurs van die staat, maar Dutoit Studiehulpskema kan uithelp waar daar nog onsekerheid bestaan wanneer die NSFAS uitbetalings gaan geskied.

Anmari Kriegler

Anmari Kriegler, dogter van Kobus (DTV) en Joh-Marie (Hoofkantoor, Dutoit Groep dienste) het onlangs haar M.Sc Agric skripsie suksesvol verdedig en haar graad behaal. Haar onderwerp van navorsing was: Investigation of the effect of cooling and delays as well as CO2 concentrations during storage on internal browning in 'Fuji' apples.

Sy werk sedert 2023 by Capespan as Tegnieuse Bestuurder vir kernvrugte. Baie geluk! Ons wens jou voorspoed toe op 'n suksesvolle loopbaan in die vrugtebedryf.



DROOM, STEL DOELWITTE, WERK HARD EN GLO IN JOUSELF

Juan Marais

Vir die September 2023 Rondonnuus het ons met Juan Marais 'n gesprek gevoer oor sy drome en doelwitte ten opsigte van sy sport. Hy is 'n diskusgooier en was verlede jaar in matriek in Charlie Hofmeyer.

Met die nodige self-dissipline, motivering, fokus en deursettingsvermoë het Juan na skool aanhou oefen. Hy ontvang ook erkenning vir sy sport- en akademiese prestasies deurdat hy 'n volle sport- en akademiese beurs vir 4 jaar by Rice Universiteit in Houston, Texas ontvang. Hier gaan hy baie goeie afrigting en blootstelling ontvang. Tydens die 4 jaar gaan hy Biologiese Wetenskap studeer. Die akademiese jaar begin eers in Augustus 2024.

Juan het nie op hom laat wag nie en hy laat vir hom 'n diskus sirkel op Kromfontein gooi waar hy aanhou oefen om sodoende te bly verbeter. Op 7 Februarie 2024 tydens die Boland Summer League byeenkoms behaal hy 64.11 meter wat sy persoonlike beste is. Die 8ste Maart 2024 neem hy deel aan die Boland Kampioenskappe en kwalifiseer hy om as deel van die Boland span aan die Atletiek Suid-Afrika kampioenskappe deel te neem. Tydens die SA kampioenskappe wat tussen 20 en 22 Maart plaasgevind het, behaal hy goue medalje met 'n afstand van 62.01 meter.

Juan het op 19 April aan die ASA Senior kampioenskappe in Pietermaritzburg met Suid Afrika se seniors (2kg) deelgeneem. Hy het baie goed gevaar en met 57.0m die tweede plek behaal. Ons sal teen einde April weet of hy vir die Suid Afrikaanse span gekies is om gedurende Junie aan die Afrika kampioenskappe in Kameroen deel te neem. Kom ons neem 'n blaadjie uit Juan Marais se prestasie en die manier waarop hy sy doelwitte nastreef. Elkeen van ons kan nie vir Suid-Afrika verteenwoordig of die Besturende Direkteur van 'n maatskappy wees nie.


Watter oomblik op die sportveld sal jy altyd onthou?

Die 2022 SA kampioenskappe vir onder 17. Dit was die eerste keer wat ek nasionaal deelgeneem het en 3de gekom het. Toe ek oor die baan stap, hardloop my pa na my van opgewondenheid.

Watter oomblik op die sportveld sal jy altyd onthou?

Die 2022 SA kampioenskappe vir onder 17. Dit was die eerste keer wat ek nasionaal deelgeneem het en 3de gekom het. Toe ek oor die baan stap, hardloop my pa na my van opgewondenheid.





Korttermyn doelwit is om by atletiek Suid-Afrika se onder 20 kampioenskappe 65 meter te gooi.

Ek is oortuig dat Juan die meeste van die eienskappe openbaar wat vir enige persoon nodig is om suksesvol te wees ten opsigte van die doelwitte wat hulle vir hulleself stel. Die belangrikste is seker om die hele tyd te bly verbeter.

Die kombinasie van eienskappe wat ons elkeen moet openbaar om suksesvol ons doelwitte te bereik, is soos volg:

1. Doelwit gedrewe – Stel duidelike bereikbare doelwitte en breek dit af in kleiner mylpale.
2. Toewyding (“Dedication”) – Spandeer genoeg effektiewe tyd daaraan om jouself te verbeter.
3. Dissipline – Toon die nodige self-dissipline om by uitgewerkte planne te hou, balans in die lewe te bewerkstellig en gesond te eet.
4. Veerkragtigheid - Elkeen van ons gaan terugslae op ons pad na ons doelwit ervaar. Ons moet die vermoë toon om planne te maak en aan te pas om terugslae te hanteer. Behou ’n positiewe ingesteldheid.
5. Fokus - Fokus die hele tyd op hoe jy aktiwiteite verrig en moenie jou aandag laat aflei deur ander dinge nie. Benut jou beskikbare tyd maksimaal.
6. Selfvertroue – Glo in jou eie vermoë en vertrou jouself selfs in tye wanneer jy onder baie druk verkeer.
7. “Sportmangees” - Dit is belangrik om jou teenstanders en kollega’s, bestuur en jou werk self te respekteer. Dit help ook om ’n goeie reputasie te bou.
8. Passie – Mense wat passievol is, geniet wat hulle doen en prestasie kom makliker.



DUTOIT BLOOD DRIVE

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Bloeddiens (SANBS) waarsku dat die land se bloedreserwes gevaarlik laag is. Dutoit werk saam met die bloedbank vanaf Februarie om elke 8 weke gedurende 2024 'n "Blood Drive" by die DTV perseel te loots.

Die eerste kliniek was 'n groot sukses. SANBS het 53 eenhede ontvang waarvan 41 nuwe skenkers was. Baie dankie aan almal wat betrokke was!

We need new blood.

At present, only one in every approximate 140 people are blood donors. This means the nation is almost always close to running out of blood stocks, placing thousands of lives at risk every single day.

Who can donate to this cause?

The universal access to safe blood is the lifeline for the healthcare system of any nation. As South Africans, we can all be proud of our dedicated and selfless voluntary donors who regularly donate blood to save lives of thousands of our people every year.



Minimum Requirements to be a Blood Donor:

1. You are between the ages of 16 and 75 years old, for first time donors.
2. You weigh a minimum of 50 kgs (and platelets a minimum of 55 kgs)
3. You are in good health.
4. You lead a low risk lifestyle.
5. You consider your blood safe for transfusion.
6. You have had a balanced meal within four hours of donating blood.
7. You have not donated blood in the last 56 days (and platelets in the last 14 days.)
8. Your pulse is between 60-100 regular beats per minute.
9. Your blood pressure is below 180 systolic (first number) and below 100 diastolic (second number)(180/100mmHg) and above 100 systolic (first number) and above 60 diastolic (second number) (100/60mmHg).
10. Your haemoglobin level is 12.g for females and 13.g for males/dL or above.
11. Our screening test ensures that your blood pressure and haemoglobin levels are within a safe range for you to donate.

Your blood saves lives.

Less than 1% of South Africans are active blood donors. A unit of blood only lasts 42 days after donation and, for this reason, it is important for blood donors to donate regularly. Donors can give blood as often as every eight weeks.

Every unit of blood can save a minimum of three lives as blood is separated into red blood cells, plasma and platelets.

SANBS aims to collect 3000 units of blood per day to ensure a safe and sufficient blood supply in the health care system. This is the journey of 1 unit of donated blood.



CYBER SAVVY TIPS WITH DUTOIT

Pieter Schikkerling

Here are some straightforward tips to help you stay safe:

1. **Avoid Public Wi-Fi for Work:** Public Wi-Fi networks are not secure. Avoid accessing company information or performing work tasks on these networks.
2. **Keep Passwords Private:** Never share your passwords. Each password should be unique and changed regularly.
3. **Use Company Devices for Work:** Connect to our company network using only company-approved laptops and devices.
4. **Secure Your Mobile Phone:** Always use a passcode on your personal and work mobile phones.
5. **Be Alert for Phishing:** Be cautious of emails or messages that ask for personal information or direct you to unfamiliar websites. When in doubt, do not click on links or download attachments.
6. **Update Software Regularly:** Ensure that all your devices have the latest security updates and software patches.
7. **Use Secure Connections:** Always use a VPN when accessing the company network from outside the office to protect your data.
8. **Backup Your Data:** Regularly backup important files to a secure location (One Drive) to prevent data loss from malware or hardware failure.

If You Fall Victim

Act fast with these steps:

- Change affected passwords
- Run a virus scan on your device
- Report the attack to the impersonated business
- Cancel compromised credit cards and contact your bank's fraud support
- Enable two-factor authentication for added security
- Review credit card and bank statements
- Reach out to authorities, like [Cybercrime.org.za](https://www.cybercrime.org.za)

Remember, security starts with you! Let's work together to keep our data safe.





Phishing

What is phishing?

How to Spot a Phishing Scam

- Spelling errors or bad grammar
- Unfamiliar sender email addresses
- Suspicious URLs
- Urgency to take immediate action

- Be skeptical of urgent requests
- Avoid opening unexpected attachments or clicking on unknown links
- Never share personal or financial info via email
- Enable two-factor authentication for an extra layer of security
- Educate your team on spotting phishing emails
- Make the most of email spam filters
- When in doubt, double-check with IT



dutoitagri.co.za

KORRESPONDENTE:

Dutoit Hoofkantoor: Adél Ras. Dutoit Vrugte: Le-Maré van Niekerk. Dutoit Groente: Florina Ismael. Dutoit Hout: Lucille Jacobs. Kromfontein: Chrisna du Toit. Lindeshof: Carlien Rossouw. Nooitgedacht: Lenchen Visser. Paardekloof: Nicola Dark. Vastrap: Therina Viljoen. Sneeuwkop: Bets Mostert. Tandfontein: Lina Smit. Skaapkraal: An-Joh du Toit. Excelsior: Raeesa Hoosen. Oos-Kaap: Vanessa Strydom. Crispy Farming: Jacques Visser. Dutoit Services: John Davey. Bokkenfontein: Willem Reynolds.

REDAKSIE:

Runei Kotze, Jacques Matthee & Mariette Le Roux
Stuur alle kommentaar en versoeke na runeik@dutoit.com | 023 312 1071.

REDAKSIONELE BELEID:

Ons oorweeg alle bydraes, maar behou ons die reg voor om nie alle materiaal te plaas nie. In die oorweging word die totale spasie beskikbaar in ag geneem, asook of die materiaal in lyn is met die visie, missie en waardes van Dutoit Groep.